



Wat het van die Engele geword?

Die wêreld maak homself hierdie maand reg om Kersfees te vier. En dit word omtrent uitbundig gedoen! By die gebruikelike versierings rondom Kersfees, maar nie so prominent nie, behoort daar ook engele te wees. Hulle lewer as soetsappige poppies 'n bydrae tot die gewenste vreedsame atmosfeer. Maar vir baie mense is die bestaan van die engele net so 'n droombeeld as die vrede waarvan hulle (volgens Lukas) gesing het. In hierdie artikel luister ons na wat aardse boodskappers, deur die Gees van God onderrig, oor dié hemelse boodskappers geskryf het.



Engele is geeste

Engele bestaan nie, volgens 'n liedjie wat gereeld oor die radio gespeel is. Hierdie oortuiging het die afgelope eeu ook sterk in die Christelike wêreld ingedring. Hoekom? Omdat die leefruimte van die mens ingekrimp het *tot sy ervaringswêreld*.

Ek onthou 'n toespraak van wyle prof. G. Th. Rothuizen waarin hy die vraag stel: *wat het van die engele geword?* Die hoogleraar het vir sy gehoor gevra: "Het jy ooit al op straat 'n engel teëgekomp?" Met ander woorde, wat is jou ervaring? Sy betoog kom hierop neer: ons moet vandag engele in die "Derde Wêreld" gaan soek. Engele is nie meer vir ons die bo-aardse wesens met glansende klappende vlerke nie, maar hulle is die aardse hulpelose mossies in die verhongerde Afrika. Die armes en verdruktes is vir ons die gesante van God. Hulle is vir ons diensbaar om ons te waarsku teen ons materialisme.

Goed uitgedink miskien. Maar dit sal jy nie in die Skrif kry nie. Ons moet nie so vinnig saamstem met die idee van dr. Rothuizen nie. Tog is die vraag: Het *ons* nie miskien ook in die rigting van die ervaringsteologie beweeg wanneer daar in ons geloofslewe nie meer plek vir engele is nie? En dan moet daar allerlei boekies oor hedendaagse ervarings met engele verskyn om die bestaan van engele te bewys. Asof ons nie 'n beter Boek het nie.

Ons lewe speel af in 'n tasbare materiële wêreld wat met ons sintuie waargeneem kan word. Maar is daarmee al iets gesê oor die moontlikheid van 'n geestelike wêreld, wat selfs nie met die mees verfynde wetenskaplike instrumente waargeneem kan word nie? Ons kan onmoontlik met ons sintuie inligting versamel om die werklikheid daarvan vas te stel. As ek sê: ek glo nie dat engele bestaan nie, *want* ek het hulle nog nooit gesien nie, maak ek 'n uitspraak wat verseker heroorweeg moet word. Die eienaardige van engele is nou juis dat hulle 'n gewoonte daarvan gemaak het om hulle nie in 'n sigbare gedaante te manifesteer nie.

Dat jy hulle nog nie self gesien het nie, sê niks oor die bestaan van engele nie. Ons hoef nie te wag vir "engel-openbarings" noudat ons God se openbaring in sy Woord ken nie. Dat die engele

*Engele is buigbaar en beweeglik,
op meer as een manier en hulle is oral in die hemel en op die aarde.*

hulself nie in sigbare gedaante aan ons voorstel nie, hoof ons nie te verbaas nie. Want hulle is geeste.

“Is hulle nie almal dienende geeste wat vir diens uitgestuur word terwille van dié wat die saligheid sal beërwe nie?”

(Hebreërs 1:14)

Engele word uitgestuur

Waar is die engele nou? Met hierdie vraag het dr. H. Kakes hom besig gehou.¹ Hy beweer (’n bietjie versigtig): die engele het hulle teruggetrek in die hemel. Die oorgang van die ou na die nuwe verbond beteken sy insiens dat die goeie engele nou in die hemel gekonsentreer is en die duiwels op die aarde. Volgens hom vind ons nêrens die belofte van Psalm 91:11 opdrag gee om jou te gaan.

Ons kan met Dr. Kakes na die voltooiing van die taak neergelê het. Engel gestuurde. As koeriers het die boodskap nie, want daar kan evangelie bygevoeg word nie. (Openbaring 22:18). Engele woorde oor te dra nie. Daarvoor het ons nou die “engele van die gemeente” (Openbaring 2:1 e.v.).

As koeriers het die engele nie meer vir ons ’n boodskap nie, want daar kan niks meer by die evangelie bygevoeg word nie (Galasiërs 1:8; Openbaring 22:18)

saamstem dat die engele Bybel een spesifieke (!) beteken: boodskapper, engele nie meer vir ons ’n niks meer by die (Galasiërs 1:8; hoof nie meer God se

Maar dit beteken nie dat die engele hulself teruggetrek het nie! Hebreërs 1:14 sê nie dat Hy die engele *uitgestuur* **het** nie, maar dat Hy hulle *uitstuur* om die gelowiges te dien! Hulle diens aan ons is nie verby nie. Die tuisbasis van die engele is God se koninklike paleis. Die tuisbasis is egter nie ’n vaste woonplek of blyplek nie. Die tuisbasis is die operasionele basis!

Engele kan moeilik stilsit en wag angstig dat God hul moet nader wink (Psalm 103:20). Engele is buigbaar en beweeglik, op meer as een manier en hulle is oral in die heelal diensbaar, in die hemel en op die aarde. Hulle is kosmiese kragte!

Hulle diens beperk hulle nie tot boodskappers waartoe byvoorbeeld Gabriël geroep was nie. Kyk maar na die verskillende name wat ons in die Bybel teëkom. Engele word genoem: seuns van God, môresterre, wagtters, gerubs, heiliges, serafs, owerhede, magte, kragte, trone, heerskappye (Job 38:7; Daniël 4:13; Genesis 3:24; Job 15:15; Jesaja 6:2; Efesiërs 1:21; Kolossense 1:16).

Engele is reisgenote

Hierdie verskillende name dui daarop dat die engele aan God en mens verskillende dienste lewer.

In die Bybel is die engele *kragtige helde*, wat God se opdragte in volkome gehoorsaamheid uitvoer, gereed vir baie take. Daar bestaan dus inderdaad geen “engeltjies” nie! In onbegryplik groot getalle vorm hulle die indrukwekkende en gewillige *paleis personeel* van God in die hemel (Daniël 7:10). Hulle is die *koorlede* in die liturgie in die

hemel, die *bewakers* van God se heiligheid, die lede van die hemelse hofhouding wat “vlieg” op God se bevel (Psalm 103:20; Jesaja 6:3,7). Hulle vorm die funksionele dekor van God se koninklike majesteit.

Hulle taak is nie beperk tot die hemel nie. Want God se koningskap word nie beperk tot die hoogste streek nie, maar reik tot aan die einde van die aarde.



Engele staan in diens van die “ere aan God in die hoogste” én in diens van die “vrede op aarde” (Lukas 2:14). ’n Engel is as “gestuurde” ’n onselfstandige wese en hy wil dit ook wees. Hy word gestuur. Jy mag die engele nooit losmaak van hulle Sender en hulle ’n selfstandige plek gee nie. In hulle ontmoet ons God se koninklike glorie, die majesteit van die “Here van die leërskaer”.

Engele is meelewende *toeskouers* wanneer die evangelie gebring word (1 Petrus 1:12). Die sogenaamde tolk-engele lê die visioene uit (Daniël 7:16; Openbaring 19:9). Hulle is die *maaiers* van die oes wat by die voleinding van die wêreld die kaf van die koring sal skei (Matteus 13:39).

Maar hulle word veral waaksame *begeleiers* (Psalm 91:11). Ons is die ou verbond nie! beskermende ons lewe gebruik van Hulle is ons reisgenote Toe Jakob die groot onderneem het, was sy bewakers op die reis Abraham se dienskneg, wat op reis te soek, het ’n engel as reisgids gehad wat voor hom uitgegaan het op die reis deur die woestyn, het Jahwe hierdie belofte gegee: Ek, die Here, stuur ’n engel voor jou uit om jou op die pad te beskerm (Eksodus 23:20, 23). En aan die einde van die reis, as ons die laaste oorgang moet maak, staan die engele gereed (Lukas 16:22). Dit is dus heeltemal Bybels om te praat van beskermengele (Matteus 18:10).

Jy mag die engele nooit losmaak van hulle Sender en hulle ’n selfstandige plek gee nie. In hulle ontmoet ons God se koninklike glorie, die majesteit van die “Here van die leërskaer”.

aangewend as ons op ons lewenspad nie armer as in God maak in sy voorsienigheid in afgevaardigdes. in die agtergrond. uittog na Haran engele sy geselskap, (Genesis 24:7). gegaan het om vir Isak ’n vrou te soek, het ’n engel as reisgids gehad wat voor hom uitgegaan het (Genesis 24:7). En met die oog op die reis deur die woestyn, het Jahwe hierdie belofte gegee: Ek, die Here, stuur ’n engel voor jou uit om jou op die pad te beskerm (Eksodus 23:20, 23). En aan die einde van die reis, as ons die laaste oorgang moet maak, staan die engele gereed (Lukas 16:22). Dit is dus heeltemal Bybels om te praat van beskermengele (Matteus 18:10).

Om hulle werk as reisgenote van die kerk goed te kan doen, dra die engele dikwels soldaat-uitrustings. Toe Jakob terugkeer uit Haran en hy bang was vir Esau se manskappe, het hy weer engele gesien.

“Toe hy hulle sien, sê hy: ‘Dit is ’n leër van God’ ! En hy het die plek Mahanaim genoem.”

(Genesis 32:1,2)

Die hemelse troepe vorm mobiele *leërmagte* wat God se vredesoperasie uitvoer (2 Konings 6:17; Psalm 103:21; Lukas 2:14).

Verskeidenheid in die vorm van verskyning

So verskillend as wat die *name en take* van die engele is, so verskillend is die *vorms waarin hulle verskyn*. Dit hang af van die opdrag en situasie. Die geykte beeld wat ons meestal van die engele het, moet dringend verander word! In ’n sekere sin kan gesê word: engele klee hulle met smaak, soos wat die omstandighede vereis. Meestal is die vlerke, wat ons aan die engele voorsien het, glad nie aanwesig nie. Hulle verskyn as gewone mense, mense wat ’n maaltyd geniet (Genesis 18:8). Selfs die “Engel van die Here” verskyn soms sonder ’n besondere uitrusting (Rigters 6:13,17). In Jesus se graf sit “’n jongman” (Markus 16:5). Veral in hulle ontmoeting met mense verskyn die engele soms sonder daardie eienskappe wat vir sondaars so angswekkend is, sodat hul vriendelike bedoelings duidelik kan word. Sodoende het mense al, sonder dat hulle dit weet, engele gasvry onthaal (Hebreeërs 13:2).

Die gestalte en uiterlike van die engele wys met watter bedoeling hulle verskyn. Daar word eenkeer melding gemaak van ’n reusagtige gestalte, wat met ’n ontblote swaard in die hand tussen hemel en aarde, bokant Jerusalem staan. (1 Kronieke 21:16). Ook het die skrikwekkende majesteit van ’n hemelse wag, wat soos weerlig verskyn het, die aardse wagte laat bewe (Matteus 28:3,4).

Somtyds is die verskynings geensins in die vorm van ’n menslike gestalte nie, maar verskyn die geeste van God as oorlogstenks van die ou tyd: vurige perde en strydwaens (2 Konings 6:17). Daar word één keer van engele gepraat met ses vlerke, maar dit is by ’n hemelse troonvisioen en nie by ’n ontmoeting tussen mens en bode nie (Jesaja 6:2).

Die Here van die engele

Waar is die engele nou? Hulle is onafgebroke in die hemel en op die aarde besig met hulle kleurvolle, gehoorsame diens. Hulle het hulleself nie teruggetrek nie. Dit het net éénkeer gebeur: Toe hulle Here gekruisig is.

In die Kersnag het die engele uitgegaan. Op Paasmôre verskyn die engele, so ook na hemelvaart. Maar op Goeie Vrydag word daar geen engele in die velde of op die paaie aangetref nie. Toe is Christus verlaat. Deur sy Vader. Deur sy mense. Ook deur sy diensknegte. Eén bevel van die kruis af sou genoeg wees. Dan sou daar dadelik twaalf legioene engele beskikbaar wees (Matteus 26:53). Maar Christus swyg. Op die heuwel Golgota kon jy regtig vra: wat het van die engele geword? Christus het 'n ontsaglike hoë prys betaal vir hulle wat sy heil sal beërwe. Die engelediens aan hulle was by die prys ingesluit.

Daarom kom ons Christus te na as ons die diens van die engele in ons geloofs-aandag verwaarloos.

G Gunnink

© 2016

www.christelikemedia.org



Hierdie artikel is deur Alet du Plessis vertaal.

¹ Kakes, H. *Waar zijn de engelen nu?* Kok, Kampman 1976.